VORM 5
REGULASIES BETREFFENDE SKULDINVORDERAARS, 2003
ONAFHANKLIKE OPENBARE REKENMEESTERS/OUDITEURSVERSLAG
[Regulasie 10]

Ons het die trustrekeninge van _____ (voeg naam van *maatskappy/beslote korporasie/regspersoon/persoon* in) geouditeer om vas te stel of daardie rekeninge in ooreenstemming met artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 (Wet 114 van 1998) en regulasie 10 van die Regulasies betreffende Skuldinvorderaars, 2003 vir die tydperk _____ (*voeg datum in*) tot _____ (*voeg datum in*) gehou is.

Die besonderhede van die trustrekening is soos volg:
Bank: _____Rekeningnommer: _____

Dit is die verantwoordelikheid van die direkteure/lede/vennote/eienaar van _____ (voeg naam van *maatskappy/beslote korporasie/regspersoon/persoon* in) om te verseker dat die trustrekeninge in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 in stand gehou is. Die direkteure/lede/vennote/eienaar is ook verantwoordelik vir die implementering van rekeningkundige en internebeheerstelsels. Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening uit te spreek daaroor of die trustrekeninge in ooreenstemming met artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 en regulasie 10 van die Regulasies betreffende Skuldinvorderaars, 2003 vir die tydperk _____ (*voeg datum in*) tot _____ (*voeg datum in*) gehou is.

Hierdie verslag dek die rekeningkundige rekords in verband met die skuldinvorderaar se trustrekeninge en dek nie die finansiële state van die besigheid _____ (voeg naam van *maatskappy/beslote korporasie/regspersoon/persoon* in) as geheel nie.

Ons oudit is uitgevoer in ooreenstemming met Internasionale Ouditstandaarde van toepassing op ouditaanstellings vir 'n spesifieke doel. Daardie standaarde vereis dat ons die oudit beplan en uitvoer om redelike versekering te bekom dat die trustrekeninge vry van enige wesenlike wanvoorstelling is. 'n Oudit sluit die ondersoek op 'n toetsgrondslag van bewyse wat die bedrae en openbaarmakings in die trustrekeninge steun en die beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat deur die bestuur gebruik is, in.

Ons is van mening dat ons oudit 'n redelike grondslag vir ons mening bied.

Kwalifikasie
Hierdie verslag is onderhewig aan die volgende kwalifikasies (indien geen, verklaar GEEN)
_____

(Enige oortreding van artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 en regulasie 10 van die Regulasies betreffende Skuldinvorderaars, 2003 rakende trustrekeninge word as wesenlik beskou en moet gerapporteer word. Indien die verslag gekwalifiseerd is moet die volgende opskrif verander word na "Gekwalifiseerde mening" en die bewoording na "Na ons mening, behalwe as hierbo na verwys, is die…)

Mening
Na ons mening, is die trustrekeninge van die skuldinvorderaar _____ (*voeg naam van maatskappy/beslote korporasie/regspersoon/persoon* in) vir die tydperk vanaf _____ (*voeg datum in*) tot _____ (*voeg datum in*) gehou in ooreenstemming met artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998 en regulasie 10 van die Regulasies betreffende Skuldinvorderaars, 2003.

Bykomende inligting

Ons oudit prosedures het op die volgende aangedui:

1. Die skuldinvorderaar se trustrekening vir die verslagdoeningstydperk is _____ (*dui aan hoe gereeld*) opdateer.

2. Die skuldinvorderaar se trustrekening vir die tydperk wat volg op die tydperk onder oudit, was laas op _____ (*voeg datum van laaste inspeksie in*), deur ons geïnspekteer, is bygehou tot _____ (*voeg datum in*) en die proefbalans is laas op _____ (*voeg datum in*) gebalanseer.

3. Die skuldinvorderaar het ons voorsien van die volgende veranderinge in die samestelling van die besigheid wat gedurende die tydperk _____ (*voeg datum in*) tot _____ (*voeg datum in*) plaasgevind het – _____ (*voeg veranderinge in*).

4. Die skuldinvorderaar se hoofbesigheidsperseel is _____
_____
_____
_____(*voeg volle fisiese adres in*).

Die volgende inligting is onttrek uit die geouditeerde trustrekening:

1. Rekonsiliasie van rente op die skuldinvorderaar se trustrekening vanaf die begin van die tydperk _____ (*voeg datum in*) tot die einde van die tydperk _____ (*voeg datum in*) verdien:

Bedrag oorgedra vanaf die vorige finansiële jaar met betrekking tot rente verdien op geld gedeponeer ingevolge artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998	
Bedrag verdien (rente) gedurende die huidige tydperk op geld gedeponeer in die trustrekening ingevolge artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998	
Bedrag opgeloop gedurende die huidige tydperk ten opsigte van bankkostes (BTW uitgesluit)	
Bedrag reeds aan die Raad op Skuldinvorderaars gedurende die tydperk onder oorsig ingevolge artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998, oorbetaal	
Bedrag na volgende finansiële jaar oorgedra met betrekking tot rente verdien op gelde gedeponeer ingevolge artikel 20 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998	

2. Die verhouding as 'n persentasie van totale bankkoste (BTW uitgesluit) opgeloop gedurende die huidige tydperk tot die totale rente verdien gedurende die jaar _____

3. Trust aanspreeklikhede/krediteure en trust fondse beskikbaar op jaareinde _____ _____ (*voeg datum in*), en op een ander datum _____(*voeg datum in*) was as volg:

	Op jaareinde	**Ander datum gekies**
Trust aanspreeklikhede/krediteure		
Trustfondse beskikbaar ingevolge:		
Artikel 20 trustgelde		
Trustsurplus/(tekort)		

Gebruik van verslag
Hierdie verslag is bedoel vir die uitsluitlike gebruik van die skuldinvorderaar en die Raad op skuldinvorderaars.

Naam
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Adres
Datum

Opmerkings:
1. Die openbare rekenmeester/ouditeur moet ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 1991(Wet No. 80 van 1991) geregistreer wees.
2. Indien die openbare rekenmeester/ouditeur nie by magte is om 'n ongekwalifiseerde verslag uit te reik nie, moet die feit daarvan en die redes daarvoor volledig in die verslag deur hom/haar uitgereik, uiteengesit word wat so ver as moontlik in bogenoemde verslag vervat moet word.
3. Alle veranderinge moet deur die openbare rekenmeester/ouditeur onderteken word.